# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## JUNIE EKSAMEN 2015

## VRAESTEL 1

**GRAAD 12** **TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 80**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 15 BLADSYE**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2. 

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | [30] |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | [10] |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | [40] |

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na elke vraag.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende tydskrifartikel noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

**Mak tiere vir ‘n gesonde lewe**

Nadat ‘n melanoom uit sy been gesny is, het die natuurlewe-rolprentmaker John Varty ‘n week lank ure by sy mak tiere deurgebring – en hy glo vas hulle het sy geneesproses bespoedig.

Hy is soos een van die groot katte wat hom so bekendgemaak het, vertel John Varty, tierteler en dokumentêre rolprentmaker van die distrik Philippolis in die Vrystaat. “Ek moes al hoeveel keer dood gewees het. Elke keer verbaas ek almal en leef.”

Hier in die sitkamer op sy plaas, Tiger Canyons, lyk hy maerder as op die foto’s van hom by sy tiere. Sowat ‘n maand gelede is melanoom op sy linkerbobeen ontdek. Sy twee jagluiperds, Runde en Sabi, was sy terapie.

“‘n Bosluis het my gebyt en toe ek na die plek kyk, het ek ook ‘n snaakse kol op my been gesien,” vertel hy. “Ek het dadelik gedink dat daar fout was en is na ‘n dokter in Bloemfontein. Die dokter het bevind dis ‘n melanoom.”
Hy moes so gou moontlik dit laat verwyder. Die oggend voor hy hospitaal toe gegaan het, het die twee jagluiperds sy slaapkamer binnegekom en hom wakker gemaak, iets wat nog nooit gebeur het nie.

In Bloemfontein is die melanoom verwyder en weggestuur vir toetse. Die nuus was nie goed nie. “Dit was kanker en het reeds na my limfkliere versprei. Ek kon huis toe gaan, maar moes oor ‘n week terugkeer vir nog ‘n operasie.”

Hy het optimisties gebly, vertel John, oftewel JV, soos die mense hom noem. Terug op die plaas is hy die veld in om na die twee jagluipers te soek. “Ek het by Runde en Sabi gaan lê. Hulle het bo-op my kom lê en baie hard gespin. Ek het die geluid met my mond nagemaak.”

‘n Week lank het hy die ritueel met die twee jagluipers elke dag herhaal. Toe is hy terug Bloemfontein toe. Op die operasietafel, vertel John, het die chirug hom oopgesny, maar hulle kon geen kanker in sy limfkliere kry nie. “Die dokter was verstom…Ek was verstom!”

John erken dit sal nie vir almal werk om by ‘n wilde kat te gaan lê wanneer hulle siek of depressief is nie. Vir hom is die “katteterapie” soos joga doen, gim of ‘n potjie gholf vir ander mense. “Dit is my vorm van medikasie en dit werk vir my. Ek kan nie daarop aanspraak maak dat die diere my gesond gemaak het nie.

Ek weet net dat hulle op ‘n sielkundige manier met my werk, wat my herstelprosesse aangehelp het.”

Johan is nie bang sy rustige plaaslewe gaan versteur word deur siek mense wat almal by sy diere wil kom lê nie. “Hulle kan kom! Ek kan niks beloof nie, maar hulle is welkom.”

Wie is John Varty? Hy is ‘n bekende omgewingsbewaarder en rolprentmaker. Hy het baie dokumentêre films gemaak wat in 180 lande uitgesaai is. Sy liefde vir groot katte het kleintyd begin toe hy saam met sy oupa en pa leeus en luiperds in die Laeveld gejag het.

Met sy pa se dood in 1968 was hy ‘n student, en het toe besluit om die jagtery te los en op bewaring te konsentreer. Hy en sy broer, Dave, het die familieplaas, Londolozi, in ‘n ekotoerismeparadys omskep. In 2000 het John naby Philippolis met bewaring van tiere begin. Hy het nou 23 tiere, waaronder die enigste wilde wit tier ter wêreld, Tibo, wat onlangs drie welpies gekry het.

“Ons voer die tiere net wanneer wild skaars is weens byvoorbeeld droogte. Hulle jag meestal self bokke wat in die veld loop. Op die plaas is ook jagluiperds, waarvan net Sabi en Runde, albei mannetjies, mak is.

Wat sê sommige dokters van die stelling dat diere kanker kan genees? Dr. Antoinette Lion-Cachet, onkoloog van Bloemfontein, sê daar is nog geen werklike bewyse waar diere kanker genees het nie. “Ek kan nie spesifiek op John Varty se geval kommentaar lewer nie aangesien hy nie my pasiënt was nie, maar ek dink nie dat diere kanker kan genees nie. Diere kan pasiënte beslis beter laat voel, wat hulle hoop gee. Sodra daar hoop is en pasiënte gelukkig is, is die prognose beter en kan pasiënte selfs langer lewe.”

(Deur Pieter Steyn; Huisgenoot 19 Maart 2015)

VRAE:

1.1 Wat is John Varty se beroep?
Skryf slegs EEN woord as antwoord neer. [1]

1.2.1 Wie het hierdie artikel geskryf? [1]

1.2.2 Waarom het hy oor John Varty geskryf? [1]

1.3 Watter diere verskyn in die meeste van John Varty se dokumentêre films? [1]

1.4 Waarom het John soveel gewig verloor? [1]

1.5 Watter buitengewone gedrag van Rundo en Sabi het John verbaas?
Antwoord in jou eie sin/ne. [1]

1.6 Wat is John se bynaam? [1]

1.7 John tref 'n vergelyking tussen hom en die diere wat hy verfilm. Wat is hierdie vergelyking. [1]

1.8 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoorde deur uit die leesstuk aan te haal.

1.8.1 John het dadelik na sy eerste operasie geweet dat hy kanker het. [2]
1.8.2 Tibo is 'n tierwyfie. [2]
1.8.3 Die familieplaas is omskep in 'n jagplaas vir oorsese toeriste. [2]

1.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Volgens dr. Antoinette Lion-Cachet kan diere

A. kankerlyers se lyding vererger.
B. kankerlyers geestelik beter laat voel.
C. definitief kanker by diereliefhebbers genees.
D. ruik of mense kanker het. [1]

1.10 Mense oor die hele wêreld het al John se dokumentêre films gesien.

1.10.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling. Sê JA of NEE. [1]

1.10.2 Motiveer jou antwoord deur 'n SIN aan te haal. [1]

1.11 Watter natuurramp word in die leesstuk genoem? [Tweede laaste paragraaf}
Skryf slegs EEn woord as antwoord neer. [1]

1.12 Watter woord sê vir ons dat dr. Antoinette Lion-Cachet in kanker-pasiënte spesialiseer? [1]

1.13 Dink jy dit is reg dat sommige mense wilde diere makmaak en as troeteldiere aanhou?
Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. [1]

## TEKS B: ARTIKEL

Lees die volgende artikel noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

Afskrif

1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en korrekte letter as antwoord neer.

"Byt vas en vertrou jou grysstof."
Die "grysstof" verwys na jou….

A. grys skoolboeke
B. grys breinselle
C. depressiewe gemoed
D. al die skoolwerk wat jy moet leer. [1]

1.15 Wat is die naam van die tienertydskrif waaruit hierdie inligting kom? Skryf net die tydskrif se naam neer. [1]

1.16 In wie se raad kom dieselfde woord 3 keer voor? [1]

1.17 Skryf die sin neer wat vir jou sê dat die pad na sukses baie lank is. [1]

1.18 Een van die "persone" wat raad gee is 'n karakter uit 'n fliek. Wat is sy naam? [1]

1.19 Watter raad gee Louis Bey teen ouderdom? Skryf 5 woorde as antwoord neer. [1]

1.20 Harde werk kan ook soms snaaks benader word. Watter raad verwys daarna? [1]

1.21 Watter raad sê vir jou dat die eksamentyd nie permanent is nie? [1]

1.22 Wat moet jy met jou boeke doen voordat jy kan begin studeer? Haal 4 woorde as antwoord aan. [1]

1.23 Watter SIN sê vir jou dat die doel van hierdie artikel is om matrieks sterkte vir die eksamen toe te wens? [1]

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

## INSTRUKSIES

1. Vind **SEWE wenke** oor hoe om veilig in die berge te stap.
2. Som die wenke op en skryf hulle in **SEWE volsinne** neer.
3. Skryf net **EEN** wenk per sin.
4. Skryf jou sinne **puntsgewys** onder mekaar van 1 tot 7 neer.
5. Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
6. Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
7. Skryf die aantal **woorde** aan die einde van die opsomming neer.

## TEKS C: STAP VEILIG IN DIE BERGE

1. As jy graag in die berg gaan stap, sal die volgende wenke jou help om jou tyd in die natuur ten volle te geniet.

2. Besluit vroegtydig watter roete julle gaan stap. Kry al die nodige inligting oor die roete, soos hoe steil die wandelpad is en of daar water beskikbaar is.

3. As jy fiks is en jy gaan stap saam met mense wat almal baie onfiks is, of andersom, kan dit frustrerend wees. Kies jou stapmaats reg sodat almal dit geniet om min of meer ewe vinnig te stap.

4. As jy op ‘n onbekende plek gaan stap, is dit ‘n goeie idee om iemand wat reeds die roete gedoen het en dit ken, saam te nooi.

5. Dit is verskriklik om na ‘n paar uur se stap seer voete te hê, omdat jy nie die regte skoene dra nie. Moenie met spinternuwe skoene gaan stap nie; jou skoene moet ingeloop, stewig en gemaklik wees.

6. Selfs as dit ‘n sonnige dag is, is dit belangrik om ‘n warm baadjie, verkieslik ‘n reënbaadjie, saam te neem as jy in die berge gaan stap. Dit bly verstommend hoe vinnig die weer op ‘n berg kan verander en jy moet voorbereid daarop wees.

7. Selfs as jy weet dat daar bergstrome is, is dit belangrik om ten minste ‘n liter water per persoon saam te neem. Neem ook genoeg kos (energiestafies en vrugte) saam vir as daar ‘n noodgeval is.

8. Sorg dat iemand ‘n gelaaide selfoon saamneem sodat julle die nooddienste of iemand tuis kan bel indien daar ‘n noodgeval is.

(Verwerk uit: Jip, Rapport Maart 2013)

TOTAAL VIR AFDELING B: 10

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.

Martinus Kruger haat dit om opgehou te word…veral met ‘n vuurwapen. En selfs meer wanneer die pakket wat hy in (3.3) (…) hande het, dringend is! Ek het hom sesuur die oggend gebel om my pakkie vir ‘n nege-uurvlug na Brittanje (3.4) (…) bespreek.
(3.5) (Sewe uur) het die rowers probeer toeslaan.
Maar hierdie keer was dit op die (3.6) (verkeerd) man. Vir Martinus was laat wees eenvoudig geen keuse nie.

Hy het teruggeveg. Die een rower is ingehaal en platgetrek, en aangehou tot die polisie opgedaag het. Daarna het Martinus by ons ingestap, die pakkie geneem en dit veilig en en betyds op die (3.7) (vliegtuig) besorg. Ek het dit self beleef.
Met bloed en sweet het hy dit maar dit is gedoen.
Die meeste mense sou seker omgedraai het, maar ...
die meeste mense werk nie (3.8) (…) Federal Express nie.

bl. 36

3.1 Watter **kleur** dink jy is die grys blokkie in die tydskrif? [1]

3.2 Dink jy hierdie advertensie is effektief? Sê JA /NEE en motiveer jou antwoord. [1]

3.3 Vervang die woord tussen die hakies met die korrekte **VOORNAAMWOORD.** [1]

3.4 Voltooi die sin met die korrekte **INFINITIEF.** [1]

3.5 Gee die korrekte **SPELLING** van die woorde tussen die hakies. [1]

3.6 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen die hakies. [1]

3.7 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies. [1]

3.8 Voltooi die sin deur die korrekte **VOORSETSEL** in te vul. [1]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

## TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprentjies hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

bl 365

4.1 Verander die volgende sin in die **ONTKENNENDE** vorm

Jy het die reg om stil te bly. [1]

4.2 Gee die **INTENSIEWE VORM** van "stil"? [1]

4.3 Herskryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

Die seun vra sy suster: "Waar is die mop?" [1]

4.4 Hoe wys die meisie se lyftaal dat sy besig is om te dink? [1]

**TEKS F**

4.5 Gee die onderstreepte woord se **VERKLEINING.**

Ons maak die kos in die <u>kombuis.</u> [1]

4.6 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING.**

Maak jou eie peuselhappie !
Begin so: "Moenie… [1]

4.7 Skryf die volgende sin oor in die **DIREKTE REDE.**

Die seun sê dat hy honger is. [1]

4.8 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die tieners het peuselhappies gemaak. [1]

4.9 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die kombuis is 'n gemors. [1]

4.10 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Die kombuis is altyd skoon. Ma maak die peuselhappies. [omdat) [1]

**TEKS G**

4.11 Die woord "**vuur"** (raampie 2) in die konteks van die strokiesprent beteken "om te skiet".

Gebruik die **HOMONIEM** van **vuur** in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. [1]

4.12 'n Ander woord vir vanmiddag is *namiddag.*
Skryf die **AFKORTING** vir *namiddag* neer. 1]

4.13 Voltooi die volgende **VERGELYKING.**

Die soldaat is so moeg soos 'n … [1]

4.14 Verbeter **die WOORDORDE** van die volgende sin.

Die soldaat ( gemaklik, teen die boom, leun) [1]

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

## TEKS H

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**HOE GAAN JY LYK AS JY OUER WORD?**

Het jy al gewonder hoe jy gaan lyk as jy (5.1) ( nie jonk nie) is? Wanneer jy 'n (5.2) (tussen 13 en 19 jaar oud) is, raak jy dikwels gefrustreerd omdat jou emosies wipplank ry. Jy dink jy gaan vir ewig jonk bly, maar ons het nuus vir jou! (5.3) (Almal wil lank leef), maar dit gebeur nie altyd nie.

As jy die BETOWERENDE TWINTIGS tref: Geniet jou jeug! Jou gehoor, sig en ander sintuie is in 'n uitstekende toestand.

In die DOLLE DERTIGS:
Plooie begin om jou mond, oë en ander dele van die gesig vorm. As jy altyd (5.4) (sinoniem van vrolik en sorgvry) lyk, gaan jy minder plooie kry. Jy ontdek dalk ook grys hare!

Die FANTASTIESE (5.4) (VIERTIGS):
Plooie bekruip jou nou van alle kante!! As jy 'n man is, sal jy (5.5) (bles) of grys begin word. Jy is ook besig om te groei – in die rondte, nie in lengte nie!

Die VROLIKE VYFTIGS:
Plooie sit nou sommer ook op jou neus! Die meeste mense moet 'n (5.6) (jy het dit nodig om beter te kan sien) gebruik om te lees. Dit is nou die "brille en pille"-stadium.

Die SLAKKEPAS-SESTIGS:
(5.7)Vroue moet nou waak teen borskanker en mans teen prostaatkanker. Baie mense in hierdie ouderdomsgroep begin ook hare verloor!

Die SO-SO SEWENTIGS:
Nou word jou neus (5.8) (lank) en jou ore lyk groter.Jy kan voel jou liggaam word swakker. Hopenlik het jy genoeg aftreegeld en 'n goeie mediese fonds!

Die TOEMAAKTYD-TAGTIGS:
Jy kan byna niks meer hoor nie en gee nie om as ander mense van jou praat nie. Jou spiere is net die helfte so bruikbaar as wat hulle in jou twintigs was.

5.1 Gee die **TEENOORGESTELDE** betekenis van "jonk ". [1]

5.2 Gee **EEN WOORD** vir "tussen 13 en 19 jaar oud". [1]

5.3 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Almal wil lank leef. [1]

5.4 Skryf die **SINONIEM** van "vrolik en sorgvry". [1]

5.5 Kies die korrekte antwoord.

Wanneer jy "bles" is

A. het jy jou hare verloor.
B. het jy al baie ver gehardloop.
C. het jy al baie gesondheidsprobleme.
D. kan jy nie meer goed sien nie. [1]

5.6 Gee **EEN WOORD** vir "jy het dit nodig om beter te kan sien" . [1]

5.7 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die verpleegster sê: " Vroue en mans moet teen kanker waak." [1]

5.8 Gee die die **VERGROTENDE TRAP** van die woord tussen hakies. [1]

5.9 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Hulle het deur die jare baie wyshede opgedoen. Jonger mense kan baie by ouer mense leer. (Aangesien)

Begin met: Aangesien… [1]

5.10 Skryf die volgende sin in die **TEENWOORDIGE TYD** oor.

Jonger mense sal gesonder wees. [1]

## TEKS I

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne te voltooi.  Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ondersteun** | **Springbok** | **takke** | **sifdraad** |
| **kaartjie** | **hane** | **plaas** | **blare** |
| **gekos** | **houtpale** | **wedstryd** | **hennetjies** |

5.11 Die ……… is die embleem vir ons nasionale rugbyspan. [1]

5.12 Hierdie diere woon op 'n …… [1]

5.13 Die……. lyk baie moeg. [1]

5.14 Die hok van die hennetjies is met……… omhein. [1]

5.15 Die plaasboer het sy span in Durban gaan……. [1]

5.16 Hy het sy …….. vir die wedstryd verlede maand al gekoop. [1]

5.17 Die rugbykaartjies het baie geld ……. [1]

5.18 Die plaasboer gaan hoog in die ……. wees as sy span wen! [1]

TOTAAL VIR AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80